



# HOËRSKOOL BEKKER

Privaatsak X5002, Magaliesburg, 1791  
Hoërskool Bekker, Plaas Zeekoehoek, JQ908 on the R98,  
Magaliesburg, 1791

www.bekkerhs.co.za  
(014) 577 5936/7  
general@bekkerhs.co.za

## HOËRSKOOL BEKKER

# SKOOL

## GEDRAGSKODE EN REÛLS

### 2025

1. Effektiewe datum: 01 Januarie 2025
2. Hersieningsgeskiedenis: 30 November 2024

#### GOEDKEURING:

Aanbeveel deur: (Skoolhoof)	Mnr. A. Rademan	Handtekening:	
Datum:	30 November 2024		
Goedgekeur deur: (SBL Voorsitter)	Mnr. A. Appelcryn	Handtekening:	
Datum:	30 November 2024		





## GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOI BEKKER - 2025 (LEERDERS)

### INHOUDSOPGAWE

#### AFDELING:

#### BLADSY:

Aanhef	2
1.1 Missie en Visie van Hoërskool Bekker	2
1.2 Waardes van die gedragskode	2
2. Inleiding	3
3. Doel van die gedragskode	3
3.1 Menseregte	3
3.2 Toegerustheid	3
3.3 Respek vir onderwysers, nie-onderwyspersoneel en besoekers	4
3.4 Voorkoms	4
3.5 Afwesigheid	4
3.6 Laatkom vir skool/opening/klas/toesig	4
3.7 Gedrag tydens opening	5
3.8 Akademie	5
3.9 Netheid van die omgewing	5
3.10 Verbode terrein	5
3.11 Beskadiging van eiendom	6
3.12 Taalgebruik	6
3.13 Klasontduik/klasverlaat	6
3.14 Selfone / oorfone	6
3.15 Rook	7
3.16 Verlaat van skoolterrein/uitteken prosedure	7
3.17 Eerlikheid	8
3.18 Ordereelings en skoolroetine	8
3.19 Kommunikasie met ouers/voogde	8
3.20 Buite – kurrikulêre aktiwiteite	9
3.21 Akademiese oortredings	9
4. Oortredings wat kan lei tot tydelike skorsing of permanente uitsetting	9
4.1 Skedule oortredings	9
4.2 Gronde van skorsing of permanente uitsetting	11
4.3 Ewekansige deursoeking, beslaglegging en dwelmtoetsing	11
5. Optrede in geval van oortreding van die gedragskode	12
6. Kredietpunte vir skoolaktiwiteite	13
Bylaag A Rookbeleid vir leerders	15
Bylaag B Selfoonbeleid vir leerders	16
Bylaag C Detensiebeleid	20
Bylaag D Eksamen en Toetsbeleid	21
Bylaag E Voorkomsreëls en nuwe skooldrag	23
Bylaag F Debiet/Kredietpunte stelsel	26
Verklaring deur ouer/voog en leerder	28

## **GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL BEKKER**

### **AANHEF**

Die gedragkode van Hoërskool Bekker word deur die Skolewet (Wet 84 van 1996 en die wysigings daarvan), Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996 en onderskeie provinsiale onderwyswette verskans.

Die gedragkode onderskryf en respekteer die demokratiese beginsels van vryheid, gelykheid en menswaardigheid soos in die Grondwet vervat. Dit onderskryf verder die belang van versoening, onderrig, leer, wedersydse respek en die vestiging van 'n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool.

Alhoewel die Staat die verpligting het om onderwys en opleiding beskikbaar te stel, moet dit aangevul word deur die toewyding en die aanvaarding van mede-verantwoordelikheid deur die ander rolspelers in die onderwys, te wete, leerders, opvoeders en ouers. Hierdie gedragkode staan ondersteunend tot hierdie taak.

### **1.1 MISSIE**

#### **BY HOËRSKOOL BEKKER LEI ONS DIE ONERVARE JEUG NA ERVARE TOEKOMSTIGE VOLWASSENHEID DEUR HULLE:**

1. Toe te rus met akademiese:
  - 1.1 kennis en
  - 1.2 vaardighede
2. Op sportgebied ten volle te ontwikkel
3. Kultureel te stimuleer deur blootstelling aan verskeie aktiwiteite
4. Godsdienstige waardes en norme volkome uit te leef
5. Diversiteit te erken en te respekteer
6. Leierskap te ontwikkel
7. 'n Unieke geleentheid te bied in die landboustudie-rigting

### **1.2 Die gedragkode van Hoërskool Bekker streef die volgende waardes na:**

<b>RESPEK</b>	Selfrespek te toon asook te alle tye respek aan my medemens en omgewing.
<b>BALANS</b>	Ek woeker op alle terreine met die talente wat aan my toevertrou is
<b>LOJALITEIT</b>	Ek gehoorsaam alle skoolreëls, ondersteun en beskerm alle mede-leerders, tradisies en aktiwiteite van die skool.
<b>INTEGRITEIT</b>	Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my dade.
<b>UITNEMENDHEID</b>	Ek gee en doen altyd meer as wat van my verwag word.

## 2. INLEIDING

Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Die gedragskode dien as riglyn vir die optrede van leerders. 'n Bekker leerder se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy/sy die skool se gedragskode onderskryf en respekteer.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

Daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool ingeskryf is, en sy/haar ouers/voogde hulle sal vergewis van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan. Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy/haar ouers/voogde die gedragskode aanvaar, eerbiedig en nougeset sal nakom. Indien 'n leerder die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teen hom/haar opgetree word.

## 3. DOEL

Die doel van die gedragskode is om:

- positiewe dissipline te bevorder.
- self-dissipline aan te leer.
- voorbeeldige en opbouende gedrag te vestig.
- 'n veilige atmosfeer te skep waar optimale onderrig en skool verwante aktiwiteite kan plaasvind.

**Om in die doel te slaag word daar van 'n Bekker leerder verwag om hom/haar aan die volgende reëls te onderwerp.**

### 3.1 Menseregte

'n Bekkerleerder is bewus dat hy/sy oor menseregte ingevolge die Grondwet beskik, maar erken dat medeleerders en opvoeders dieselfde regte het en sodanige regte moet respekteer. Hy/sy is ook bewus daarvan dat die regte beperk mag word ingevolge die Grondwet.

### 3.2 Toegerustheid

'n Verantwoordelike Bekker leerder sorg dat hy/sy toegerus skool toe kom, met:

- al die nodige skryfbehoeftes.
- boeke en handboeke.
- sy/haar dagboekie en rooster.
- 'n skooltas (seil of leer) wat die boeke sal beskerm.
- Alle klas-en tuiswerk op datum is soos voorgestel.

'n Bekkerleerder het respek vir eiendom. Moenie waardevolle items, o.a speelgoed, Mp3's, kameras, tablette, selfone, skootrekenaars, skaatsplanke ens. skool toe bring nie. Moenie jou tas of sak buite die klas laat nie (behalwe waar dit so vir jou aangewys word), aangesien dit die eienaar (die leerder) se verantwoordelikheid is om dit op te pas. Dit geld ook vir enige sporttoerusting. Die leerder moet doeltreffende toesig reël vir sy/haar items/toerusting.

### 3.3 Respek vir onderwysers, nie-onderwyspersoneel en besoekers

'n Bekkerleerder respekteer onderwysers as hul opvoeders en beloof hul heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat hulle van opvoeders mag ontvang. Leerders respekteer die opvoeders as volwassenes en erken dat hulle met opleiding en ervaring tot die leerders se voordeel kan strek. Daarom onderneem die leerders om hul volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree. Hierdie stelling geld ook vir enige studente onderwysers. Die bydrae tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog geag. Daarom sal 'n Bekkerleerder ook teenoor hierdie personeel met agting en respek optree. Besoekers aan die skool, soos distrikspersoneel, besigheidsmense en ouers, dra die skool se welsyn op die hart en sal met respek en hoflikheid te alle tye bygestaan word.

### 3.4 Voorkoms – Bylaag E

*'n Lojale Bekkerleerder* dra die skool se klere en kleure met trots.

Elke Bekkerleerder is 'n lewende bemarker in die straat.

- Kom die voorskrifte t.o.v. skooldrag en voorkoms stiptelik na.
- Is korrek geklee volgens die voorskrifte wanneer hy/sy deelneem aan sport of wanneer hy/sy byeenkomste bywoon om die skool en maats te ondersteun.
- Sien bylaag A vir voorkomsreëls.

### 3.5 Afwesigheid

***Integriteit vereis dat:***

- 'n Bekkerleerder slegs afwesig is weens siekte of 'n ander ernstige of dringende saak.
- Hy/sy die **eerste dag** wat hy/sy weer terug is by die skool, 'n brief van sy/haar ouer/voog waarin die rede vir die afwesigheid aangetoon word, by die klasvoog in te handig.
- Indien hy/sy twee of meer dae afwesig is, 'n **wettige mediese sertifikaat** sal in handig. Kliniek briewe sal op meriete hanteer word.
- Indien hy/sy gedurende 'n geskeduleerde toets of eksamen afwesig is, 'n wettige mediese sertifikaat sal in handig om sodoende nie die punte te verloor nie.
- Hy/sy self die skoolwerk wat a.g.v. die afwesigheid verloor het, sal inhaal met hulp van onderwysers.
- Navrae mag gedoen word oor die verskoning van afwesigheid.
- Indien die leerder 10 dae aaneenlopend, sonder mediese sertifikaat, afwesig is, word hy/sy onmiddellik ge-deregistreer en moet hy/sy her-aansoek doen vir toelating by die skool.

*'n Leerder wat afwesig is sonder 'n geldige rede, maak hom/haar skuldig aan skool-ontduiking.*

### 3.6 Laatkom vir skool/opening/klas/toesig

- Wanneer die klok om 07:15 lui, beweeg jy na die vierkant/saal vir opening.
- 'n Bekkerleerder het respek vir sy eie en ander se tyd en daarom sal hy/sy betyds wees.
- 'n Bekkerleerder wat laatkom vir skool, sorg dat sy ouer/voog 'n brief skryf wat die rede vir die laatkom aandui. Meld voor die administratiewe kantoor aan waar 'n onderwyser jou sal ontvang.
- Indien 'n Bekkerleerder 10 keer laat kom sonder skriftelike verskoning sal die ouer vir 'n onderhoud met die adjunkhoof dissipline genooi word.
- 'n Bekkerleerder beweeg flink en vinnig tydens wisseling van een klas na 'n ander. Hy/sy drentel of kuier nie rond nie en gaan nie badkamer toe nie, aangesien jy die

beskikbare akademiese tyd ten volle wil benut. Wanneer die tweede interne periode klok lui, is jy dus reeds in jou volgende klas.

- Leerdertoesig begin om 07:00 in die oggend voorskool en verval om 14:05. Op Vrydae sal die toesig om 13:45 verval. Enige voorvalle of insidente buite hierdie tye sal dus nie die skool se verantwoordelikheid wees nie. Ouers moet dus hul reëlings so tref dat leerders betyds op en afgelaai word by die skool om toesig te verseker.

***Ouers word gemaan om te sorg dat leerders betyds by die skool opdaag.***

### 3.7 Gedrag tydens opening

'n **Lojale en respekvolle Bekker leerder** is deel van sy/haar graadgroep en staan tydens opening in die area wat vir hom/haar aangedui is. Tree in klasverband vir opening aan.

- Geen hande in die sakke nie.
- Kyk vorentoe en bepaal die aandag by die verrigtinge.
- Moenie eet of drink nie.
- Geen **selfoon**, leerwerk, huiswerk of ander dinge wat die aandag aflei nie.
- Gedrag op die vierkant en in die saal sal onberispelik wees.

### 3.8 Akademie

'n **Verantwoordelike Bekker leerder** kom sy/haar akademiese verpligtinge pligsgetrou na:

- Doen huiswerk selfstandig en met ywer.
- Handel opdragte stiptelik af.
- Moenie boeke of werksopdragte en take tuis vergeet nie.
- Moenie die klasroetine ontwig nie.
- Sorg dat 'n selfoon afgeskakel en weggebêre is.
- Geen eet en drink tydens lesperiodes nie.

'n Lojale Bekkerleerder sorg dat sy/haar optrede nie sy/haar maats die geleentheid ontnem om ten volle by die onderrig/leerproses te baat nie.

***\*Intervensieklasse sal elke Maandag vanaf 14:15 – 15:00 plaasvind en sal sportafrigting eers om 15:00 plaasvind. Leerders moet self by betrokke opvoeders 'n afspraak maak vir bywoning van hierdie klasse. Ouers word ook aangeraai om op Maandae vanaf 14:00 – 15:00 met betrokke vakpersoneel of graadvoog te vergader rakende akademiese vordering en leerdergedrag.***

### 3.9 Netheid van die omgewing

'n Bekkerleerder het **respek** vir sy/haar omgewing en;

- neem verantwoordelikheid om die skoolterrein netjies te hou en nie rommel te strooi nie;
- hou klaskamers skoon en netjies.

### 3.10 Verbode terrein

'n **Verantwoordelike Bekkerleerder** sorg dat hy/sy weet op watter deel van die terrein hy/sy mag beweeg en watter dele verbode terrein is. Die volgende is verbode terreine:

- klasse, suidelike vleuel, gebied tussen klaskamer 41, 42 en terras 3. Geen leerder mag by die koshuis trappe wees tydens pouse nie
- hokkie en rugbyvelde, netbal- en tennisbane tydens pouse, klastyd en voor skool. Hierdie areas mag slegs gebruik word tydens LO Sport periodes, waar onderwysertoesig is.
- die snoepie tydens klastyd en toesigperiodes.

### 3.11 Beskadiging van eiendom

'n Bekkerleerder **respekteer** sy/haar eie en ander se eiendom.

- Pas alle eiendom op. Leerders sal moet vergoed vir beskadiging van eiendom (skool of leerder). Hierdie optrede kan ook lei tot 'n aanklag van vandalisme.
- Krap/skryf nooit op banke, stoele, mure of tasse nie.
- Pas handboeke op en trek alle handboeke netjies oor.

Leerders en ouers/voogde neem verantwoordelikheid vir skool- en ook ander leerders se eiendom wat per ongeluk beskadig word. Let wel dat persoonlike besittings die leerder se eie verantwoordelikheid is en dat die skool geen verpligting teenoor dit het nie.

### 3.12 Taalgebruik

'n Bekkerleerder toon **respek** teenoor almal wat met hom/haar te doen kry deur te let op sy/haar taalgebruik.

- Kru- en onweloweglike taal word nie gebruik nie.
- Groet almal vriendelik.
- Geen afknoueringe taal word toegelaat nie.
- Geen rassistiese taalgebruik sal geduld word nie.

### 3.13 Klasontduik/klasverlaat

'n **Ywerige** Bekkerleerder

- doen pouses wat nodig is, sodat dit nie nodig is om tydens die lesperiode die klas te verlaat nie.
- loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie.
- verlaat slegs die klas met 'n geldige handtekening vanaf onderwyser in sy/haar dagboek.
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas sonder toestemming van die onderwyser nie.
- sorg dat hy/sy luister wanneer daar toesig gereël word (**toesigklas is 'n akademiese periode waartydens skoolwerk gedoen word**). 'n Bekkerleerder se **integriteit** verseker dat hy/sy toesigpersoneel se name en klaskamers ken en dat hy/sy wel by hierdie personeel aanmeld wanneer 'n personeelid afwesig is.
- verseker dat sy/haar periode rooster in dagboek geplak het soos versoek en volgens daardie aangewysde toesigklasse sal funksioneer.

'n Bekkerleerder wat by die skool siek word, kan slegs by die graadvoog/hulpgraadvoog toestemming ontvang om in die siekekamer te gaan lê totdat sy/haar ouers hom/haar kom haal. *Geen medikasie mag aan enige leerder verskaf word sonder toestemming vanaf die ouers/voog.*

### 3.14 Selfone / oorfone – Bylaag B

'n Bekkerleerder se **integriteit en respek** vir ander laat hom/haar nie toe om sy/haar selfoon tydens skooltyd te gebruik nie.

- Tydens klas en tussen periodes moet 'n selfoon in alle opsigte onaktief en weggebêre wees.
- Geen selfoon in die hand of op die skoot nie.
- 'n Selfoon moet voor opening vir die duur van die skooldag afgeskakel word en mag eers weer 13:50/Vrydag 13:30 aangeskakel word.
- Geen leerder mag voor, tydens of na skool enige oorfone in hul ore hê of gebruik nie.
- Geen selfoon mag tydens klastyd herlaai word nie.
- **Die skool en personeel dra GEEN verantwoordelikheid vir enige gebreke of diefstal/verlies van selfone nie.**

Die oortreding van hierdie reël sal konfiskering tot gevolg hê. (Sien Bylaag B)

### 3.15 Rook/In die teenwoordigheid van rokers – Bylaag A

'n Bekkerleerder bewys sy/haar **integriteit en lojaliteit** deur:

- nie in skooldrag, op die skoolterrein, by skoolfunksies en buite die terrein in skooldrag te rook nie.
- nie vuurhoutjies, sigaretaanstekers, sigarette, e-sigarette, hubblies of tabak skool toe te bring of in besit te hê nie.
- nie in die teenwoordigheid van rokers te wees nie.
- Die volgende wetgewing bepaal die onwettigheid van rook en sal teen oordreders gebruik word;
- SA Skolewet 84 van 1996 artikel 8A
- Staatskoerant van 30 Maart 2012
- Tobacco products Control Act 83 – 1993

### 3.16 Verlaat van skoolterrein/Uitteken prosedure

'n Bekkerleerder het **integriteit** en weet hy/sy kan die skoolterrein tussen 07:15 en 13:50/ Vrydag 13:30 slegs met toestemming verlaat – selfs as 'n ouer hom/haar by die skool kom haal. Aangesien die skool die verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures te volg.

Wetgewing, Artikel 3 van die Skolewet 84 van 1996 bepaal dat 'n leerder skoolpligtig is en die ouer verplig is om toe te sien dat die kind skool sal bywoon. Leerders mag slegs by die adjunkhoofde en skoolhoof uitgeteken word indien dit vooraf gereël is. Ons herinner u weer daaraan dat u **vooraf** 'n reëling moet tref indien u leerder die skool moet verlaat. In hierdie gevalle kan u die kind **SLEGS** pouses kom haal. **Pousetye van 'n normale dag: POUSE 1: 08:55 – 09:10, POUSE 2: 10:30 - 10:55 en POUSE 3: 12:15 – 12:30. Leerders mag slegs deur ouers gedurende pouse 2 en 3 uitgeteken word. Ons wil die onderbreking van lesse vermy as leerders uit klasse gehaal moet word.**

Indien 'n Bekkerleerder die skoolterrein moet verlaat word die korrekte uitteken prosedure gevolg.

- Leerder moet 'n ondertekende brief van ouers skool toe bring. **Indien e – posse gestuur word, moet dit gestuur word na: general@bekkerhs.co.za.**
- Leerder toon die brief aan die vakonderwysers en elke onderwyser moet die uittekenbrief voltooi. Indien onderwyser afwesig is, teken by die graadvoog uit.
- Ouer teken in die uittekenregister by ontvangs in die kantoor.
- **Geen** tippex mag gebruik word nie.
- Leerder mag nie vir 'n ander leerder uitteken nie.
- Daar moet 'n toestemmingsbrief van die ouer wees as die leerder deur enige ander persoon as die ouer uitgeteken word. Hierdie persoon moet ter alle tye 'n wettige ID dokument toon.
- **SIEKEKAMER:** Slegs leerders met 'n **siekbrief** mag in die siekekamer wees. Hierdie siekbrief moet eerstens deur die graadvoog onderteken word en so ook deur elke akademiese personeellid vir kennisname.

'n **Ywerige** Bekkerleerder poog om, waar moontlik, geen doktersafsprake, bestuurderslisensie of ander afsprake tydens skoolure te maak nie, om sodoende nie werk te mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie. 'n Bekkerleerder ontvang net 'n sertifikaat vir getroue skoolbesoek indien hy/sy elke dag by die skool was en nooit stokkiesgedraai het nie. Geen afwesighede word toegelaat op dae waar formele assessering/SBA/PAT of mondelinge gedoen word nie.



Tydens skoolure is Bekker leerders die skool se verantwoordelikheid. In geval van 'n besering tydens skoolure, moet dit dadelik by die graadvoog aangemeld word. Die graadvoog sal dan die ouers inlig rakende die erns van die voorval/insident.

### 3.17 Eerlikheid

**Integriteit** dwing 'n Bekkerleerder om te alle tye eerlik te wees en daarom sal hy/sy hom weerhou daarvan om:

- handtekeninge na te maak.
- 'n vals naam op te gee.
- huiswerk of assesserings-opdragte af te skryf en as sy/haar eie aan te bied.
- oneerlik te wees in toetse of eksamens.
- valse verklarings af te lê.
- Leerders wat hul skuldig maak aan hierdie oneerlikheid kan dissiplinêr aangekla word.
- Ernstige oortredings sal by die Departement van Onderwys aangemeld word.
- Die Departementele Omsendskrywe: 73 van 2008, sal as maatstaf gebruik word om bogenoemde oortredings te hanteer.

**'n Ware Bekkerleerder maak hom/haar nie skuldig aan bedrog van enige aard nie.**

'n Bekker leerder se **lojaliteit** dwing hom/haar om inligting wat nodig is vir die veiligheid van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool onmiddellik bekend te maak. Indien nodig, kan sodanige verskaffing van inligting in kamera geskied (Wet 50 van 2002) of in die vorm van 'n volledige brief wat aan die graadvoog oorhandig is. Die inligting sal vertroulik hanteer word.

### 3.18 Ordereëlins en skoolroetine

'n **Betrokke** Bekker leerder weet om:

- in die klas dadelik boeke uit te haal, tasse netjies te plaas en te gaan sit sodra die onderwyser gegroet het.
- te staan indien enige ander personeelid die klas betree en te groet.
- na die afkondigings voor skool, pouse en aan die einde van die skooldag te luister.
- eers die klas te verlaat na die afkondigings gemaak en afgesluit is, wanneer die klok 13:50/Vrydag 13:30 lui.

'n Bekker leerder maak hom/haar nie skuldig aan staking, massa-optrede of ontgroening nie. (Slegs die BR lede en voogde/gr8 registerpersoneel is by die Gr. 8-oriëntering betrokke.) *Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die Skolewet verbied.*

### 3.19 Kommunikasie met ouers/voogde

'n Bekkerleerder met integriteit oorhandig getrou alle omsendbriewe of ander kommunikasie van die skool aan sy/haar ouer/voog, met verwysing na die Bekker Nuusbrief. Indien daar 'n skeurstrokie is, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag, aan die klasvoog terugbesorg.

- Inligting is ook op die School D6 Communicator, Facebook, Instagram en webwerf ([www.hsbekker.co.za](http://www.hsbekker.co.za)) beskikbaar. Alle Sosiale Media skakels is beskikbaar op die skool se webwerf.
- 'n Bekkerleerder se ouers/voogde word drie keer per jaar oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer 'n rapport aan die ouer/voog gestuur word.
- Inligtingsessies per graad/fase sal gehou word en bywoning deur beide leerders en ouers/voogde word verwag. Presensie van hierdie inligtingsessies sal gehou word.

- Aangeheg aan die rapport is die debiet- en kredietpunte.
- Ouermiddae – sien 3.8 (Akademie).
- **Aangesien daar ook via e-pos/sms'e met ouers/voogde gekommunikeer sal word, word ouers/voogde gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul selfoonnommers en veranderings in die verband inlig.**

'n Bekkerleerder se ouers/voogde word uitgenooi om enige probleem via die klasvoog, graadhoof of adjunkhoof dissipline met die skool te kommunikeer. (Ouers word gemaan om die korrekte protokol te volg.)

### 3.20 Buite-kurrikulêre aktiwiteite

'n **Lojale** Bekkerleerder hou by die bepaling van die skool se gedragskode, selfs by aktiwiteite *na skool of by ander skole*.

'n **Uitnemende** Bekkerleerder bring sy/haar kant met ywer deur by verskeie aktiwiteite van die skool betrokke te raak. Elke sport en buitemuurse aktiwiteit beskik oor 'n geskrewe konstitusie wat die gedragskode ondersteun. 'n Trotse Bekkerleerder wat aan enige skoolaktiwiteit deelneem, onderskryf hierdie konstitusie. 'n Bekkerleerder is 'n ambassadeur vir die skool. Sy/haar gedrag binne en buite die klas getuig van sy/haar begeerte om deel te wees van die skool en daarom tree hy/sy altyd **beleefd, vriendelik** en met **respek** op.

Ouers moet ook daarop let dat daar opnames gemaak kan word van wedstryde vir beplanning/intervensie en foto's van leerders kan geneem word om uitnemende prestasies te bemark op sosiale platvorms asook die skool se jaarboek. **Weens die POPIA – wetgewing moet ouers wat gekant is teen plasing van foto's op sosiale platvorms die nodige dokumentasie by ontvangs voltooi en inhandig wat sal verhoed dat enige foto's/beeldmateriaal geplaas word.**

### 3.21 Akademiese oortredings

Die vakonderwyser is verantwoordelik vir die hantering van oortredings van akademiese aard. Die vakonderwyser kontak die ouer na herhaaldelike huiswerk-oortredings. Die onderwyser kan remediërende strafwerk, pouse-detensie of ander strafmaatreëls instel. Die onderwyser sal ook die ouers/voogde van die leerder kontak sodat die probleem aangespreek en opgelos kan word. Detensie kan ook teen leerders ingestel word weens die herhaaldelike akademiese oortreding/s.

## 4. OORTREDINGS WAT KAN LEI TOT TYDELIKE SKORSING OF PERMANENTE UITSETTING (Deur òf op aanbeveling van die Beheerliggaam)

### 4.1 Skedule 1 en 2-oortredings (soos bepaal deur Skolewet: Wet 84 van 1996)

'n Bekkerleerder met **integriteit** maak hom nie skuldig aan die volgende gedrag nie:

#### SKEDULE 1 (moontlike skorsing)

'n Leerder sal skuldig wees aan wangedrag indien hy of sy, opsetlik en sonder regverdigte verskoning:

1. die onderrig- of leerproses in 'n klas ernstig bedreig, ontwig of frustreer.
2. aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwig.
3. die menswaardigheid van 'n persoon aantas deur hom/haar te beledig of te belaster, vloektaal, en/of rassistiese aanmerkings teenoor die persoon te maak

en/of van die persoon te skinder. (*Hoërskool Bekker Boeliebeleid, Wet 17 van 2011*)

4. enige toets – of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdigde voordeel in 'n toets of eksamen te verkry.
5. in 'n toets of eksamen oneerlik optree. (*Sien Bylaag E, Hoërskool Bekker Eksamen-/Toetsbeleid*)
6. op enige wyse onweloweglik in die openbaar optree.
7. enige ander persoon seksueel lastig val/teister op sosiale netwerke.
8. in besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei.
9. onder die invloed van alkohol verkeer of alkohol besit.
10. in bakleiery betrokke wees (minder ernstig van aard).
11. toeskouer by 'n bakleiery.
12. enige negatiewe kommentaar op webtuistes (sosiale media) versprei.
13. rook of sigarette verskaf.
14. betrokke raak by die verkope en handeldryf van enige produkte.
15. Verdere oortredings soos bepaal deur die Skolewet: (Wet 84 van 1996)

## **SKEDULE 2 (moontlike permanente uitsetting)**

'n Leerder sal aan wangedrag skuldig bevind word indien hy of sy:

- a. skuldig bevind word aan wangedrag soos bedoel in **Skedule 1**, nadat hy of sy twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is;
- b. versuim om aan 'n bestraffing of opskorting as korrektiewe maatreël te voldoen; of
- c. opsetlik en sonder regverdige verskoning:
  1. enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiële nadeel van die skool.
  2. handel dryf met enige toets- of eksamenvraestel/eksamenmateriaal.
  3. hom of haar aan bedrog skuldig maak.
  4. hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree.
  5. in besit gevind word van enige onwettige middels, of positief daarvoor getoets word, of dit gebruik of daarmee handel dryf.
  6. in besit van enige gevaarlike wapen gevind word.
  7. enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand.
  8. enige ander persoon boelie (emosioneel en fisies).
  9. enige persoon as gyselaar aanhou.
  10. enige persoon vermoor.

11. enige persoon verkrag.
12. enige ander persoon se eiendom kwaadwillig beskadig.
13. enige opname maak of 'n opname op die internet versprei van negatiewe optrede by die skool en so die skool se beeld benadeel

Indien 'n leerder hom/haar na bewering skuldig maak aan enige Skedule 2 oortreding sal oorweging geskenk word aan tydelike skorsing vir 'n maksimum tydperk van 7 dae hangende 'n verhoor deur die Dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam. Mits daar nie uitklaring binne die 7 dae periode is nie, mag die leerder vir 'n verdere 7 dae tydelik geskors word, hangende die ondersoek en bevindinge. Die Hoof of die Beheerliggaam kan te enige tyd addisionele huishoudelike reëls neerlê.

#### 4.2 Gronde van skorsing of permanente uitsetting

Ernstige minagting van die skool se gedragskode kan 'n dissiplinêre-verhoor tot gevolg hê. Die Dissiplinêre Komitee, soos vereis en saamgestel deur die Skolewet, is verantwoordelik vir die verhoor. 'n Dissiplinêre verhoor kan lei tot 'n sanksie van skorsing vir 'n maksimum tydperk van 7 dae of 'n aanbeveling van permanente uitsetting. Skorsing of 'n aanbeveling van permanente uitsetting kan ook opgeskort word vir 'n maksimum tydperk van 12 maande op die voorwaarde/s wat die komitee oplê. Die dissiplinêre komitee kan ook enige ander sanksie oplê soos voorgeskryf in hierdie gedragskode. **Let wel dat die gedragskode nie voorsiening maak vir 'n appél proses nie.**

Indien 'n leerder skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding kan dit lei tot aanbeveling van permanente uitsetting.

Die uitstel van tugverhore en dissiplinêre verhore is teenproduktief en verhoog spanning by alle partye. Dit moet vermy word en sal nie onbepaald uitgestel word nie.

Tydens dissiplinêre verhore sal leerders wat as getuies optree en wat vrees vir intimidasie, toegelaat word om in kamera te getuig.

**Sou die Skedule 1-oortreding egter van minder ernstige aard wees (binne die oordeel van die hoof) kan 'n interne tugsitting gehou word.** Die Interne Tugkomitee bestaan uit die volgende persone: Prinsipaal, Adjunkhoof Dissipline, Graadhoof/Adjunkhoof Akademie. (Die betrokke graad se VSR lid mag deel van die tugkomitee vorm, mits die oortreder daarop aandrang voor die tugverhoor geskied)

#### 4.3 Ewekansige deursoeking, beslaglegging en dwelmtoetsing

*Hoërskool Bekker is 'n dwelmvrye area.*

Deursoeking en beslaglegging berus op die beginsels van **logika** en **gesonde verstand**. Dit is 'n prosedure wat binne die beperkinge van 'n **in loco parentis-verhouding tussen die opvoeder en die leerder plaasvind**. Die klem val op die uitwys van 'n dwelmprobleem en leerders wat aan middelafhanklikheid ly, moet ingevolge die stelsel bystand ontvang. Die riglyne is daarop gerig om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep wat toegewy is aan die verbetering en instandhouding van die gehalte van die leerproses. Toetsing mag ter enige tyd plaasvind.

Die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde kan 'n groep leerders ewekansig deursoek slegs nadat 'n billike en redelike vermoede vasgestel is - artikel 8A (2). Leerders wat positief getoets is, se ouers sal R150.00 moet inbetaal vir die toets-apparaat.

Leerder/s wat hul skuldig maak aan hierdie oortreding se ouers/voogde word aangeraai om dadelik te reël vir ondersteuning alvorens 'n verhoor geskeduleer mag word. Verskeie Rehabilitasiesentrums is beskikbaar ter ondersteuning aan beide die leerder en ouers/voogde.

1. Westview Clinic (Sanca) / 011 472 7707 / [westviewclinic@westviewclinic.co.za](mailto:westviewclinic@westviewclinic.co.za)
2. Mighty Wings Life Centre / 072 602 2049 / [info@mightywings.co.za](mailto:info@mightywings.co.za)
3. Life Poortview / 010 003 0930
4. Life River Field Lodge / 0860 748 373
5. Crescent Clinic / 011 792 9400 / [www.crescentclinic.co.za](http://www.crescentclinic.co.za)

## 5. OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE

### DEBIETPUNTESTESEL – SIEN BYLAAG F

'n Bekkerleerder besef dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou. Tug word as opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van Bekker leerders, die skool en die gemeenskap ten doel. Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in ons skoolgemeenskap.

Om die probleem vroegtydig raak te sien, aan te spreek en verbetering te monitor, is dit nodig om rekord te hou. By die skool geskied dit deur die debietpuntestelsel. Oortredings word op 'n dissiplinêre strokie aangeteken en gekonsolideer. Debietpunte is kummulatief en bly op rekord.

**'n Volledige opsomming van debietpunte kom voor in leerder se dagboek vir noukeurige bestudering en dien as gedragsriglyn aan die leerder.**

**TYDELIKE SKORSING vind onmiddellik plaas**

**Mag slegs deur HOOF goedgekeur word.**

**(ouers word gekontak in elke geval en gee skriftelike kennisgewing)**

PUNT	OMSKRYWING
	200+ debietpunte – Leerder word die voorreg tot bywoning en deelname aan alle sosiale aangeleenthede van die skool ontnem, insluitend Matriekafskeid
	Aanhoudende ontwrigting van klasse. Leerder word 3 dae tydelik geskors.
	400+ debietpunte. Leerder word 3 dae tydelik geskors.
<b>Verdere optrede rakende debietpunte</b>	
	400+ debietpunte. Dissiplinêre gesprek met ouers en leerder. (Hoof)
	500+ debietpunte. Dissiplinêre gesprek met Beheerliggaam.

- a. Wanneer 'n leerder 400 debietpunte het word die leerder 3 dae tydelik geskors. (Soos bepaal deur Skole Wet).
- b. Wanneer 'n leerder 500 debietpunte het word die leerder vir 'n dissiplinêre verhoor met Beheerliggaam genooi.
- c. Elke 150 debietpunte regverdig 1 detensie.

**INDIEN 'N LEERDER TYDELIK GESKORS IS GELD DIE VOLGENDE VIR DIE TYDPERK VAN SKORSING:**

- Die leerder mag aan **geen** aktiwiteite deelneem nie. (Kurrikulêr of buitekurrikulêr)
- Die leeder ontvang geen punte vir opdragte/toetse nie.
- **Die leerder is self verantwoordelik om die verlore werk in te haal.**
- Indien die tydelike skorsing in die eksamentydperk plaasvind, sal die leerder wel toegelaat word om eksamen met spesiale voorskrifte te skryf.

**Verdere verduideliking van moontlike strawwe wat vir oortredings opgelê word: (soos deur die Hoof/Dissiplinêre Komitee bepaal)**

- a. Detensie – sien bylaag C.
- b. Die ontneming van voorregte soos deelname aan die skool se aktiwiteite en funksies (bv. Matriekafskeid, toere, uitstappies en enige sosiale funksies soos gereël deur die skool).
- c. Skedule 2-oortreding impliseer 'n onmiddellike verhoor.
- d. Leerders wat nie die gedragskode van die skool onderhou nie, verbeur die voorreg om hulself vir die Verenigde Studenteraad (VSR) van die skool verkiesbaar te stel. (Skedule 1 of 2-oortreding of 150 debietpunte)
- e. Leerders met meer as 150 debietpunte mag ook nie as klaskaptein staan nie. Indien toekenning reeds gemaak is, word dit dadelik ontnem.
- f. Enige ander optrede soos deur die gesagstrukture van die skool bepaal.

## **LEIERSKAP**

**LET WEL dat 'n leerder nie op die nominasie lys vir die verkiesing van leiers/ Bekkerraad kan dien as die volgende reëls oortree word nie:**

- Reeds 2 kwartale gedruip het nie.
- Skedule 2 oortreding wat deur 'n dissiplinêre verhoor gevolg is.
- Slegs leerders wat 'n **minimum van 150 kredietpunte** vir die huidige jaar opgebou het, sal verkiesbaar gestel word vir die Bekkerraad van 2024/2025.

## **6. KREDIETPUNTE VIR SKOOLAKTIWITEITE – SIEN BYLAAG F**

'n Trotse Bekker leerder wat deel is van die skool en graag aan aktiwiteite deelneem word graag beloon. Kredietpunte word na afloop van die betrokke aktiwiteit opgedateer. Leerders ontvang erkenning vir kredietpunte op die debietstelsel.

# BYLAAG A

## ROOKBELEID VIR LEERDERS

### Hoërskool Bekker:

- Erken die Wetgewing wat rook verbied aan kinders onder 18 jaar, en erken dat werknemers van die staat en van die skool, leerders en besoekers die reg het om in 'n aangename omgewing in die skoonste lug moontlik te werk, studeer en sake te doen.
- Verwag dat alle werknemers, leerders en besoekers die regulasies ten opsigte van rook en die gebruik van tabakprodukte (sluit e-sigarette/damptoeestelle en hubblies in) by die skool sal nakom.

### Gebiede waar rook verbode is

- Al die geboue, insluitend die ingangsportale, gange, trappe, stoepe, kleedkamers en pawiljoene van Hoërskool Bekker word as rookvrye areas beskou.
- Rook deur leerders word onder **geen** omstandighede op enige deel van die skool se terrein toegelaat nie. Insluitend die plaas.

### Verantwoordelikheid

Dit is primêr die verantwoordelikheid van bestuur/onderwysers in die skool om te verseker dat die beleid met betrekking tot rook nagekom word.

Persone wat weier om die beleidsbepalings van die skool se tugkode na te kom, sal waar van toepassing, onderdanig wees aan die en/of die strawwe wat die Wet bepaal.

*Besoekers wat weier om die beleid te gehoorsaam sal toegang tot die perseel geweier word.*

### Optrede teenoor leerders wat in skooluniform rook

- 'n Leerders wat oortree deur om te rook of in besit van rook/ damp toerusting is, sal 'n dissiplinêre verhoor ondergaan.
- Leerders in die teenwoordigheid van rokers ontvang 100 debietpunte.
- Die rooktoerusting word gekonfiskeer en vernietig.

# BYLAAG B

## SELFOONBELEID VIR LEERDERS

### 1. ALGEMEEN

Hierdie beleid is opgestel deur die Beheerliggaam in ooreenstemming met die volgende Wetgewing en verwante skoolbeleide:

- Gedragskode vir leerders.
- Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole GN 1040, GG22754 van Oktober 2001.
- Die Nasionale Beleid vir die Hantering, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat,
- Algemene Kennisgewing 30048 van 6 Julie 2006.

Die skool is bewus daarvan dat 'n selfoon en ander elektroniese kommunikatiewe aparate bruikbare instrumente in nood gevalle is en dat dit ook tydens e-leer as 'n effektiewe onderrigbronn deur opvoeders en leerders aangewend kan word.

Die gebruik van selfone en ander elektroniese aparate deur leerders tydens skoolure, veroorsaak egter dissiplinêre probleme en maak daarom die implementering van streng reëls met betrekking tot elektroniese aparate noodsaaklik. Die gebruik van 'n selfoon en ander kommunikasie-aparate by die skool is dus 'n voorreg en nie 'n reg nie.

### 2. DIE VOLGENDE REËLS MOET DEUR ALLE LEERDERS NAGEKOM WORD:

- 2.1 Selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparaat moet te alle tye gedurende normale skoolure afgeskakel wees. Geen selfoon en/of elektroniese apparaat mag op "stil" of op "vibreer" gestel word nie.
- 2.2 Leerders mag slegs van hulle selfone en/of elektroniese kommunikasie-apparaat voor skool, na skool en dan **slegs buite die skoolgebou gebruik maak**.
- 2.3 Geen sms'e, whats-App, e-posse of soortgelyke protokol mag deur 'n leerder gedurende formele onderrigtye, tydens klaswisseling of pouses gestuur of gelees word nie.
- 2.4 Geen leerder mag die selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat van 'n ander leerder sonder die leerder se toestemming gebruik nie.
- 2.5 Geen leerder sal toegelaat word om 'n selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat in 'n eksamenlokaal in sy/haar besit te hê nie.
- 2.6 Geen selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat mag sigbaar wees tydens formele klasonderrig of tydens klaswisseling of pouses nie.
- 2.7 Indien selfone en/of elektroniese aparate deur die onderwyser in formele onderrigtyd gebruik word, mag dit slegs in daardie periode en onder direkte toesig van 'n onderwyser gebruik word.



- 2.8 In die koshuis mag die leerders nie hulle selfone of elektroniese apparaat in die eetsaal of in die studiesaal gebruik nie.

### 3. VEILIGHEID EN SEKURITEIT

- 3.1 **Geen diefstal van selfone of kommunikasie-apparate sal ondersoek word nie aangesien leerders nie genoemde apparate mag hê nie.**
- 3.2 Die skool aanvaar **GEEN** aanspreeklikheid vir enige verlies wat mag plaasvind as gevolg van die diefstal of beskadiging van 'n leerder se selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat nie.
- 3.3 Dit is die plig van die slagoffer van die diefstal en/of skade om 'n klag by die polisie aan te meld.
- 3.4 **Geen foto's van enige persoon of 'n gedeelte van 'n persoon mag afgeneem en versprei word nie.**
- 3.5 **Die opneem en verspreiding van enige foto, video of klankgreep van enige situasie hetsy gedramatiseer of andersins, is verbode tensy dit vir opvoedkundige doeleindes is en met die uitdruklike toestemming van die betrokke opvoeder geskied.**

### 4. DISSIPLINÊRE AKSIE

- Verbreking van hierdie beleid deur enige leerder sal aanleiding gee tot die konfiskering van die selfoon/apparaat tesame met die simkaart asook enige datageheuekaart.
- Die selfoon/apparaat sal aan die hoof of sy gedelegeerde vir bewaring oorhandig word. Dit word verseël met die leerder se naam op die koevert en in 'n kluis bewaar.
- 'n Boekinskrywing sal gemaak word en die leerder en onderwyser/hoof sal teken.

### EERSTE OORTREDING

Die selfoon/apparaat sal vir 'n periode van 5 (vyf) skooldae (bv. Maandag tot Maandag) in veilige bewaring gehou word, waarna moet die ouer/voog/leerder die item tydens skoolure kom afhaal. 'n E-pos/brief van die ouer/voog moet aan die graadvoog gestuur word om kennis te gee dat die ouer/voog bewus is van die gekonfiskeerde selfoon.

### TWEEDE OORTREDING

Die selfoon/apparaat sal vir 'n periode van 10 (tien) skooldae in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer/voog/leerder die item tydens skoolure moet afhaal. 'n E-pos/brief van die ouer/voog moet aan die graadvoog gestuur word om kennis te gee dat die ouer/voog bewus is van die gekonfiskeerde selfoon.

### DERDE EN VERDERE OORTREDINGS

Die selfoon/apparaat sal vir 'n periode van 20 (twintig) skooldae in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer/voog/leerder die item tydens skoolure moet afhaal. 'n E-pos/brief van die ouer/voog moet aan die graadvoog gestuur word om kennis te gee dat die ouer/voog bewus is van die gekonfiskeerde selfoon.

Die leerder wat hom/haar 'n derde of verdere keer aan die oortreding skuldig maak sal ook dissiplinêr verhoor word.

## 5. WEIERING OM DIE SELFOON IN TE HANDIG

Indien die leerder weier om sy/haar volle samewerking met die inhandiging van die selfoon te gee, sal hy/sy dissiplinêr verhoor word.

## 6. REËLS MET BETREKKING TOT AFHAAL VAN GEKONFISKEERDE ITEMS

Selfone kan slegs deur die ouer/voog/leerder afgehaal word en die gemelde ouer/voog/leerder moet die register onderteken as bewys van veilige ontvangs van die item. Onder geen omstandighede sal die item aan 'n ander derde party oorhandig word nie.

Indien 'n gesteelde selfoon in besit van enige leerder gevind word, sal daar onmiddellik dissiplinêre stappe teen sodanige leerder ingestel word, wat skorsing of uitsetting van die leerder kan insluit.

## 7. PORNOGRAFIESE MATERIAAL/AFLAAI VAN PORNOGRAFIE

Die Publikasie Wet vir seksuele misdrywe maak dit 'n oortreding vir 'n persoon onder die ouderdom van 18 om:

- na pornografie te kyk;
- in besit van pornografie te wees;
- pornografie van die internet af te laai;
- handel te dryf in pornografie;
- 'n gelisensieerde perseel waar pornografie wettig verkoop word te betree en
- 'n ander persoon onder die ouderdom van 18 aan pornografie bloot te stel.

### 7.1 DISSIPLINÊRE STAPPE

- Die verspreiding van pornografie by die skool is 'n skedule 2 oortreding en sodanige materiaal sal gekonfiskeer word, en sal 'n verhoor geskeduleer word.
- Indien die materiaal 'n minderjarige onder die ouderdom van 18 vertoon, moet die polisie in kennis gestel word.
- Indien 'n leerder hom/haarself skuldig maak aan 'n seksuele misdryf op die skoolterrein en een of albei is onder die ouderdom van 18, sal dit as 'n statutêre verkragting geklassifiseer word.
- Indien hulle ook die daad afneem, sal dit gesien word as die vervaardiging en verspreiding van kinderpornografie.
- Daar is 'n verpligting om die voorval by die polisie aan te meld. Versuim om die saak te rapporteer, is 'n misdryf kragtens die Wet op seksuele misdrywe.
- Seksuele wangedrag op die skoolterrein is 'n skedule 2 oortreding wat sal lei tot 'n kriminele klag, dissiplinêre verhoor en moontlike skorsing uit die skool.

Die personeel en Beheerliggaam van die Hoërskool Bekker versoek alle ouers om die skool met die uitvoering van die beleid te ondersteun, aangesien die beleid in belang van die leerders, hulle opvoeding, persoonlike veiligheid en die veiligheid van hulle besittings

opgestel is. Geen onderhandelings in die verband sal plaasvind nie, die beleid word uitgevoer.

# BYLAAG C

## DETENSIEBELEID

1. Detensieklasse word geskeduleer vir leerders wat akademies en dissiplinêr oortree. Leerders wat die leerkultuur op enige wyse ontwig, word na so 'n detensieklas verwys.
2. Detensie word deur graadhoof/adjunkhoofde/hoof opgelê op grond van inligting wat deur die onderwyserkorps aan hulle verskaf word.
3. Leerders word gewoonlik op Woensdae van die detensie in kennis gestel, wat dan die daaropvolgende **Woensdag van 14:00 – 17:00** sal plaasvind. Hierdie detensies is ook vir leerders wat detensie as sanksie vanuit 'n dissiplinêre verhoor ontvang.
4. **Detensie sal op Woensdae plaasvind vir leerders wat 150 + debietpunte op hul gedragstaat versamel het of detensie as sankie vanuit dissiplinêre verhoor ontvang het. Detensies sal vanaf 14:00 – 17:00 plaasvind.**
5. Leerders wat nie by die detensie opdaag nie, se oortreding word in 'n baie ernstige lig beskou. Leerders ontvang 'n ernstige waarskuwing en moet dan die volgende detensie bywoon. Indien u kind nie opdaag vir die detensie nie, word die saak na die Beheerliggaam verwys. ***Leerders se deelname aan alle buitemuurse aktiwiteite word ook opgeskort totdat die eerste detensieklas bygewoon is.***
6. Indien 'n leerder afwesig is, word slegs 'n mediese sertifikaat as verskoning aanvaar en word die detensie vir die volgende **detensie** opgelê. Indien 'n mediese sertifikaat nie aangebied kan word nie, word daar aanvaar dat die detensieklas ontduik is.
7. Ouers moet hulle vervoerreëlings dus so aanpas dat 'n leerder die volle duur van die detensieklas kan sit. Vervoer is nie die skool se verantwoordelikheid nie.
8. Geen uitstel word vir detensieklasse gegee nie. Ouers moet nie afsprake vir lisensies, doktersbesoeke, ekstra klasse ens. op daardie betrokke dag maak nie. 'n Leerder word ook nie toegelaat om gedurende detensietyd aan kulturele aktiwiteite of aan sport deel te neem.
9. Leerders moet 14:00 by die detensielokaal, of soos gereël aanmeld.
10. Leerders moet netjies in skooldrag geklee wees en slegs 'n pen in die lokaal inneem.
11. In die detensieklas moet die leerders die opdragte soos aanbeveel deur die graadhoof/adjunkhoof/hoof uitvoer, waarna hy/sy om 17:00 die klas mag verlaat indien die opdrag voltooi is.
12. Geen drink- en eetgoed of selfone mag in die lokaal ingeneem word nie. Leerders mag ook nie tydens hierdie sessies praat nie.
13. Elke 150 debietpunte regverdig 1 detensieklas
14. Verdere verduideliking vir moontlike detensieklas kan bepaal word deur skoolbestuur.

# BYLAAG D

## EKSAMEN EN TOETSREEKSBELEID

*Die Departementele omsendkrywe 73 van 2008 en omsendkrywe 03 van 2014, sal as maatstaf gebruik word om oortreders te hanteer.*

Indien hierdie reëls oortree word sal daar ernstig teenoor oortreders opgetree word en kan hulle nul vir 'n vraestel/GTA kry of selfs die eksamen geweier word. Leerders wat hulself skuldig maak aan hierdie oortredings, sal volgens wetgewing aan die Departement van Onderwys rapporteer word en dissiplinêr aangekla word.

Hierdie reëls word ingestel om aan elke leerling die geleentheid te bied om onder gunstige toestande eksamen te skryf sodat hy/sy optimaal kan presteer.

1. Selfone: Normale selfoonreëls geld soos in die selfoonbeleid uiteengesit. Leerders sal in eksamensessies versoek word om hul selfone in te handig en sal dit weer terug besorg word aan leerders aan die einde van die eksamensessie.  
  
'n Selfoon mag dus nie as sakrekenaar of horlosie gebruik word nie. Indien bogenoemde oortree word sal die selfoon gekonfiskeer word tot die tugverhoor plaasvind.
2. Geen iPod's, tydskrifte, kaarte, storieboeke of enige ander speletjies word in 'n eksamenlokaal toegelaat nie. Sulke items sal gekonfiskeer word.
3. Geen verversings soos koeldrank, lekkers, skyfies, ens. sal in die eksamenlokaal toegelaat word nie. Slegs water sal toegelaat word met die goedkeuring vanaf die graadvoog indien klimaatstoestande dit vereis.
4. Leerlinge sal nie tot die eksamenlokaal toegelaat word indien hulle 'n halfuur of meer na die aanvang van die sessie opdaag nie. Leerling sal ook nie toegelaat word om die eksamenlokaal voor die einde van die sessie te verlaat nie.
5. Leerlinge mag nie in die eksamenlokale gesels nie en mag nie ander leerlinge steur nie. Gevolglik sal geen leen of uitruil van sakrekenaars, skryfbehoeftes, ens. toegelaat word nie.
6. Geen tasse, sakke, ens. word in die eksamenlokaal toegelaat nie en skryfbehoeftes mag slegs in 'n deursigtige houër of plastieksak gestoor word.
7. Daar mag geen notas, aantekeninge of boeke by 'n leerling wees terwyl hy/sy besig is om eksamen te skryf nie. Indien 'n vraestel klaar beantwoord is mag daar nog steeds geen boeke, tydskrifte, ens by 'n leerling wees nie.
8. **Indien 'n leerling afwesig is tydens 'n eksamensessie sal slegs 'n doktersertifikaat as geldige bewys aanvaar word. Reëlings in verband hiermee kan slegs met die graadvoog getref word.** Indien hierdie roete nie gevolg word nie, sal 'n leerder nul vir die vraestel kry.
9. Leerlinge mag geen bron of hulpmiddel gebruik om enige onregmatige voordeel in die eksamen te bekom nie.
10. Eksamenlokale moet skoon en netjies wees en geen rommelstrooiery sal toegelaat word nie. Ruim op na afhandeling van elke sessie.

11. Die eksamentoesighouer is in beheer van alle gebeure in die lokaal en sy/haar opdragte moet gehoorsaam word en uitgevoer word.
12. Indien 'n leerling betrap word wat afskryf/oneerlik is sal sy/haar antwoordblad ingeneem word en 'n nuwe antwoordblad verskaf word om sodoende van voor af die eksamen te voltooi. Geen ekstra tyd sal aan so 'n leerling toegestaan word nie. Beide antwoordblaaie/antwoordstelle sal tydens die dissiplinêre verhoor as bewyse ingedien word. Die onderwyser sal ook op beide die antwoordblaaie/antwoordstelle die datum en tyd skryf van insident. Die tyd van die tweede geleentheid sal ook op die antwoordblad verskyn vir wetlike doeleindes.
13. Geen tippex mag gebruik word om korreksies aan te bring nie. Trek 'n lyn deur die foutiewe werk indien nodig.
14. Geen leerder sal toegelaat word om gedurende die toesig- of eksamensessie die eksamenlokaal te verlaat nie, tensy hy/sy vergesel word deur 'n onderwyser.
15. Slegs ekstra papier met 'n handtekening en toepaslike datum vanaf die toesighouer sal aan antwoordblaaie gebind word vir nasien doeleindes.
16. Leerareas waar praktiese eksamens afgelê word sal streng gemonitor word en mag daar geen vorm van kommunikasie plaasvind nie. Geen interne elektroniese boodskappe mag aan mede leerders gestuur word in leerareas soos RTT nie.
17. Geen Smart/Slim horlosies of elektroniese penne mag tydens die eksamen/studiesessie aan leerders gevind word nie en is oortreding soortgelyk aan 'n selfoon oortreding.
18. **Volgens Departementele beleid en omsendskrywe 03 van 2014, Publieke skole word verbied om leerders tydens eksamentyd te ontslaan, GEEN BLOKTYD sal tydens die eksamen toegelaat word nie!**

# BYLAAG E

## VOORKOMSREËLS EN NUWE SKOOLDRAG

Hierdie reëls geld te alle tye vir skooldrag. Oorgangsperiode vir ou kleredrag het op 1 Desember 2024 verval.

### ALGEMENE REËLS

Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.

- Somers- en wintersdrag mag nie gekombineer word nie. Leerders dra of volle wintersdrag of volle somersdrag.
- Sweetsakbaadjies of windjakkies mag nie gedra word as plaasvervanger vir 'n trui of baadjie nie.
- SLEGS die sportdrag/sosiale drag van Hoërskool Bekker en tekkies word na sportbyeenkomste gedra. (**GEEN PLAKKIES**)
- Leerders van eerste spanne word op Vrydae toegelaat om die eerstespanbaadjie/drag aan te trek. Provinsiale drag mag op Woensdae gedra word.
- Alle funksies wat skoolverwant is, moet met volle skooldrag/sosiale drag/skoolsweetsak bygewoon word. Leerders sal verbied word om byeenkomste en funksies in siviele drag by te woon.
- Die skool akkommodeer wel godsdienstige diversiteit en alle versoeke in die verband moet deur die graadvoog hanteer word vir beheer en kontrole.

### SIVIELE DRAG

Wanneer die skool 'n sosiale aangeleentheid bied vir leerders waar hul siviele drag mag dra, moet dit ter alle tye netjies en nie as afstootlik beskou word nie. Geen onweloweglike taalgebruik, tekens of simbole mag op die kledingstuk verskyn nie. Hierdie reëling is ook verbonde aan Hoofstuk 3, Artikel 33A van die skolewet, wat algemene politieke tentoonstelling op kledingstukke op die skoolterrein verbied. Leerders wat hulself hieraan skuldig maak, sal gevra word om die perseel te verlaat om volgens die reëls hulself te beklee.

### DOGTERS

#### Somersdrag

- Hemp: Wit hemp is toelaatbaar. Boonste knoop mag nie toe wees nie.
- Geen gekleurde onderklere mag onder skoolhemp gedra word nie.
- Romp: Grys - die romp mag nie verder as 10cm van die knie af wees nie. Rompsbande mag nie omgerol of verwyder word om die rompe korter te laat vertoon nie.
- Trui: Moue mag nie opgerol/opgeskuif word nie. Truie mag nie oor die skouers of om die lyf gedra word nie. Truie mag ook nie ingesteeek word nie.
- Das: Moet gedra word wanneer baadjie aangetrek is.
- Baadjie: Effe-groen Hoërskool Bekker Baadjie met skoolwapen. Baadjie moet gedra word tydens opening en is verpligtend op Maandae en Vrydae.
- Kouse: Grys met ougoud en geel. Sokkies moet kort omgevou wees.
- Skoene: Swart skoene met bandjie of die voorgeskrewe Buccaneer-toerygskoene. Opgeboude platformskoene word nie toegelaat nie. Skoene moet poleerbaar wees.

#### Wintersdrag

- Hemp: Wit toeknooplantgouhemp is toelaatbaar. Moue mag nie opgerol word nie.
- Romp, trui en skoene: Soos by somersdrag.
- Kouse: Swart broekiekouse (Decitex 78). Broekiekouse mag nie geskeer of geleer en vol gate wees nie.

- Das: Groen das met goudgeel strepe – **VERPLIGTEND**
- Baadjie: Effe-groen Hoërskool Bekker Baadjie met skoolwapen is **verplichtend** gedurende die winter.
- Langbroek: Slegs die voorgeskrewe grys dogterslangbroek – geen afgewerkte broeke.
- Geen musse mag gedra word nie.

### **Sportdrag**

Die voorgeskrewe drag vir die onderskeie sportsoorte word deur die onderskeie sportorganiseerders bepaal met die goedkeuring vanaf die skoolbestuur.

### **HARE**

- Hare moet ten alle tye die natuurlike kleur vertoon. Hare mag glad nie gekleur word nie en geen onnatuurlike verlengings en strepe word toegelaat nie.
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- Slegs wit, geel, groen of swart haarbykomstighede (lintjies, kammetjies, kraletjies en bolletjies) mag gedra word.
- Hare moet stewig vasgemaak wees en geen los hare mag afhang nie.
- Buitensporige en vreemde haarstyle is ontoelaatbaar.
- Hare mag slegs 8 cm van die kop af staan sodat sig nie belemmer word nie.
- Haarverlengings: slegs nommers 1 – 3; wat naaste aan oorspronklike haarkleur is.

### **JUWELE**

- Geen juwele soos ringe, armbande (rekkies of leer) of kettings word toegelaat nie.
- Ooringe: Slegs knoppies (goud of silwer) of standaard ringetjies (goud of silwer) mag gedra word en slegs **een** per oor in die onderste gaatjie.
- Geen steentjies van enige aard is toelaatbaar nie. Geen pêrel-oorbelle mag gedra word nie.
- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Die dra van liggaamsjuwele (bv. neus-, tong- en wenkbroujuwele) is verbode. Hierdie items sal gekonfiskeer word en aan die einde van die kwartaal weer terug besorg word.

### **NAELS EN GRIMERING**

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.
- Geen maskara, oogomlyner, lipglans en blosser word toegelaat nie.

### **BOGENOEMDE VOORKOMSREËLS GELD BY ALLE SKOOLFUNKSIES WAAR SKOOLDRAG GEDRA WORD.**

### **SEUNS**

#### **Somersdrag**

- Hemp: Wit oopnek hemp. Boonste knoop mag nie vasgemaak word nie.
- Broek: Grys kort skoolbroek.
- Gordel: Slegs swart gordels is toelaatbaar. Modegespes of klinknael-gordels word nie toegelaat nie.
- Trui: Groen langmou of moulose trui. Moue mag nie opgerol/opgeskuif word nie. Truie mag nie oor die skouers of om die lyf gedra word nie.
- Kouse: Grys skoolkouse met ougoud en geel. Kouse moet te alle tye opgetrek wees wanneer kortbroek gedra word.
- Das: Groen das is verplichtend wanneer baadjie gedra word asook op Maandae.



- Baadjie: Effe-groen Hoërskool Bekker Baadjie met skoolwapen. Baadjie is verpligtend op Maandae en Vrydae asook tydens saalopening.
- Skoene: Swart standaard toerug skoolskoene. Geen hofskoene, stewels of tekkies nie. Slegs toerug skoene word aanvaar en moet poleerbaar wees.

### **Wintersdrag**

- Hemp: Wit langmouhemp.
- Langbroek: Grys langbroek. Broekspype van langbroeke mag nie verstel word om wyer of nouer na onder te loop nie. Langbroeke se lengte (agter) strek tot op die sool van die skoen, d.w.s. nie meer as een vou op die voorkant van die skoen nie.
- Trui, skoene en kouse: Soos by somersdrag.
- Baadjie: Hoërskool Bekker Baadjie met skoolwapen – VERPLIGTEND
- Das: Groen das met goudegeel strepe.
- Geen musse mag gedra word nie.

### **Sportdrag**

Die voorgeskrewe drag vir die onderskeie sportsoorte word deur die onderskeie sportorganiseerders bepaal met die goedkeuring vanaf die skoolbestuur.

### **HARE**

- **Hare moet ter alle tye netjies vertoon.** Hare bo-op kop moet nie langer as 4cm wees nie.
- Die gedeelte direk om die ore moet skoongeknipt wees. Hare mag nie die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
- Wanneer die hare afgekam word, moet dit nie die wenkbrou raak nie.
- Hare moet agter reëlmatig opgesny word.
- Hare mag nie uitermatig van die kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie. Haarstyle mag 4cm van die kop af wees.
- Geen vals haarstukke of vlegsels word toegelaat nie.
- Geen “*undercut*” word toegelaat nie.
- Hare moet ten alle tye die natuurlike kleur vertoon. Hare mag glad nie gekleur word nie en geen strepe of patrone word toegelaat nie.
- Geen patrone mag in die hare gesny word nie.
- Die wangbaard mag tot by die middel van die oor strek.
- Seuns moet te alle tye skoon geskeer wees. Leerders wat nie geskeer is nie, sal ‘n skeermes ontvang om te skeer en sal R10.00 per skeermes op die leerders se rekening geplaas word.

### **JUWELE**

- Geen juwele soos ringe, oorbelle, armbande of kettings mag gedra word nie.
- Die dra van liggaamsjuwele (bv. neus-, tong- en wenkbroujuwele) is verbode. Hierdie reëling geld ook tydens sosiale aangeleenthede wat deur die skool aangebied word. Hierdie items sal gekonfiskeer word en selgs aan die einde van ‘n kwartaal terug besorg word.

**BOGENOEMDE VOORKOMSREËLS GELD BY ALLE SKOOLFUNKSIES WAAR SKOOLDRAG GEDRA WORD.**

**AMPTELIKE BAADJIE**

- Effe-groen: baadjie met skoolwapen op linkersak.
- Slegs balkies en ander toekennings wat deur Hoërskool Bekker toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning of medalje (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.
- Slegs balkies en prestasie – knope wat by Hoërskool Bekker in die **huidige** jaar verwerf is, mag op die baadjie gedra word.
- Matrikulante moet hul Matrieksdas dra soos volgens somerdrag/wintersdrag – voorskrifte.
- Groen pof-baadjie mag slegs gedurende die winter gedra word.

## BYLAAG F

### DEBIETPUNTE: SKOOL 2025

Kode	Beskrywing	Punte (-)	Vlak
01	Afwesig van buitemuurse aktiwiteit sonder geldige rede	20	3
02	Boek nie in die klas nie	30	1
03	Dagboek: Nie in besit nie	30	1
04	Dagboek: Gebruik 'n ander leerder se dagboek	30	2
05	Oneerlikheid teenoor 'n opvoeder	50	4
06	Verontagsaming van kleredrag/voorkomskode	30	2
07	Verontagsaming van algemene klasreëls	20	3
08	Ontwrig klas / groep	30	3
09	Ontwrig detensie	50	3
10	Aanvaar nie gesag nie	50	3
11	Huiswerk nie gedoen nie / Huiswerk onvolledig	20	1
12	Ignoreer instruksies	20	3
13	In die teenwoordigheid van rokers	100	3
14	Laat vir klas	20	2
15	Laat vir skool	20	1
16	Leerder het nie detensie bygewoon nie	50	3
17	Verlaat die klas sonder toestemming	50	3
18	Rommelstrooi	20	1
19	SGA / PAT / Mondelinge onvolledig	50	2
20	Vloek / afstootlike taal	70	2
21	Traag om klas by te woon / vermy klasbywoning	50	2
22	Onaanvaarbare gedrag	20	3

### ERSNTIGE OORTREDINGS

Hierdie oortredings kan tot suspensering en 'n dissiplinêre verhoor lei.

Kode	Beskrywing	
i.	Aanranding / Bakleiery	VH
ii.	Lasterlike opmerkings / optrede teenoor 'n leerder/personeellid	VH
iii.	Bedrog: Handtekening / Punte	VH
iv.	Onwettige middels: Versprei / In besit van: (SAPD)	VH
v.	Onwettige middels: Gebruiker	VH
vi.	In besit van 'n gevaarlike / onwettige - (wapen / voorwerp)	VH
vii.	Intimidasie / Viktimisering / Boeliegedrag	VH
viii.	Besit / verspreiding van rooktoestelle / produkte	VH
ix.	Seksuele wangedrag / teistering	VH
x.	Diefstal / Versteek / wegsteek van eiendom	VH
xi.	Ongemagtigde ruilhandel	VH
xii.	Onbereikbaar / Nie op skoolterrein nie	VH
xiii.	Vandalisme	VH

## HOËRSKOOL BEKKER

## KREDIETPUNTE: SKOOL 2025

Kode	Beskrywing	Punte (+)
23	Akademiese verbetering – Siklustoets 10% (Maart / Oktober)	50
24	Akademiese verbetering – Eksamens 10% (Junie / November)	100
25	Akademie: Gemiddeld bo 80%	100
26	Akademie: Top 10	50
27	Bystand tydens opedag	20
28	Detensie bygewoon	150
29	Bywoning van inligtingsessie / oueraand / jaarlikse begrotingsvergaderings	50
30	Verdere deelname aan kunstefees	50
31	Verdere deelname aan sportliga	50
32	Hulpvaardig by funksies	50
33	Geen debiete ontvang nie (per kwartaal)	100
34	Behulpsaam in die klas	30
35	Ouer help by funksies	50
36	Deel van die roadshow-span	50
37	Deelname aan Kunstefees / Koor	50
38	Deelname aan atletiek / sanggroep	100
39	Deelname aan krieket/landloop	100
40	Deelname aan debat / redenaars	50
41	Deelname aan interhoër	100
42	Deelname aan landsdiens/jeugskou	50
43	Deelname aan Mnr/Mej Bekker / Drama	50
44	Deelname aan Nasionale Jeugskou	100
45	Deelname aan Olimpiade / Expo	50
46	Deelname aan rugby / netbal / hokkie / skaak	100
47	Vertoon etiese gedrag	50
48	Rapporteer oortreders	50
49	Inhandiging van afskeurstrokies	20

<b>VERKLARING DEUR OUER/VOOG EN LEERDER</b>
---

**HIERMEE VERKLAAR EK:**

1. Dat ek die gedragskode gelees het en die inhoud verstaan.
2. Dat ek die bylae gelees het en die inhoud verstaan.
3. Dat ek die gedragskode aanvaar en daarby sal hou.

**ONDERTEKEN TE \_\_\_\_\_ (PLEK) OP HIERDIE  
 \_\_\_\_\_ DAG VAN \_\_\_\_\_ (MAAND) IN DIE JAAR 2025.**

**NAAM VAN LEERDER:** \_\_\_\_\_

**GRAAD:** \_\_\_\_\_

**GEBOORTE DATUM:** \_\_\_\_\_

**J J J J / M M / D D**

\_\_\_\_\_  
**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG: NAAM EN VAN: \_\_\_\_\_  
 (OUER/VOOG)**

\_\_\_\_\_  
**HANDTEKENING VAN LEERDER: NAAM EN VAN: \_\_\_\_\_  
 (LEERDER)**